

14 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-9  
Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3  
HK, Vraag 45

### Die geboorteplek van die nuwe lewe

Dit klink onmoontlik as ons lees dat die geboorteplek van die nuwe lewe in die graf is! “Kan dit wees,” vra ons, “dat die geboorteplek van die lewe in die dood is?” Die dood is dan die einde van alles en die graf die finale punt waarna daar geen lewe is nie!

Menslik gesproke is lewe na die dood nie moontlik nie, en tog leer God se Woord juis aan ons: “In sy groot ontferming het Hy aan ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood.”

Dit is ’n groot wonder van God dat die dood die wieg is van die nuwe lewe. Ons sou wou redeneer dat die lewe eerste is en dat die dood daarna volg. Hier hoor ons van die dood wat die oorsprong van die lewe is, selfs nog meer, naamlik van die dood wat die oorsprong van die nuwe lewe is!

Dit is die wonder van die koms van Jesus Christus in die vlees. Alles wat Hy gedoen het, het Hy vir ons gedoen. Dwarsdeur sy lydensweg het Hy vir ons gely, sy kruisiging was vir ons, in ons plek. Hy is vir ons begrawe. Hy was die eersteling wat opgestaan het sodat ons wat in Hom glo ook deur sy krag in ’n nuwe lewe opgewek kan word.

Ons opdrag lê in die woorde van Paulus aan die Kolossense (3:10): “Julle het met die ou sondige mens gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens ...” Leef dit elke dag en laat elke dag ’n lewe van dankbaarheid wees, tot eer van die Here!

*Ds. Pieter J van der Walt (Bethlehem)*

~~~~~